

Skriflesing: Openbaring 11: 1-7

Teks: **Openbaring 11: 1-3**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 146:3,6**

TYDENS EREDIENS- Ps. 65:3,7; Sb. 8-1(14): 2 Ps. 145:1,2; Ps. 23:3; Ps. 116 Ps. 147:1,2

Openbaring 11

Opn 11:1 Toe is daar vir my 'n meetstok gegee wat soos 'n septer lyk, en daar is vir my gesê: "Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die mense wat God daar aanbid.

Opn 11:2 Maar die voorhof, wat buitekant die tempel is, moet jy heeltemal uitlaat en dit nie meet nie, omdat dit aan die heidene oorgegee is, en hulle sal die heilige stad twee en veertig maande lank vertrap.

Opn 11:3 Ek sal aan my twee getuies opdrag gee, en hulle sal, met rouklere aan, my boodskap twaalf honderd en sestig dae lank verkondig."

Opn 11:4 Hulle is die twee olyfbome en ook die twee lampe wat voor die Here van die aarde staan.

Opn 11:5 As iemand hulle kwaad wil aandoen, kom daar vuur uit hulle monde uit en verteer hulle vyande. Só moet elkeen doorgemaak word wat hulle kwaad sal wil aandoen.

Opn 11:6 Hulle het die mag om die hemel toe te sluit, sodat daar gedurende die hele tyd wanneer hulle God se boodskap verkondig, geen reën sal val nie. Hulle het ook die mag om al die water in bloed te verander en om die aarde met allerhande plaes te tref so dikwels as hulle dit nodig vind.

Opn 11:7 Wanneer hulle egter hulle getuies klaar gelewer het, sal die dier wat uit die onderaardse diepte uit kom, teen hulle oorlog maak, hulle oorwin en hulle doodmaak.

Skriflesing: Openbaring 11

Teks: **Openbaring 11: 1-3**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 146:3,6**

TYDENS EREDIENS- Ps. 65:3,7; Sb. 8-1(14): 2 Ps. 145:1,2; Ps. 23:3; Ps. 116 Ps. 147:1,2

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, as kerk van die Here is ons vandag hier saam om die heilige Nagmaal te vier. Openbaring 11 word ook gesien as dié hoofstuk in Openbaring wat op 'n besondere wyse oor die kerk handel. As ons oorhoofs die geheel van die hoofstuk beskryf dan gaan dit kortliks oor vier dinge wat die Kerk van die Here ten nouste raak. Eerste sien ons- Hoe God sy Kerk in hierdie wêreld beskerm en bewaar. Hiermee saam sien ons ook vóór Nagmaal hoe die kerk nog altyd haar ware roeping in hierdie wêreld moet raaksien en uitleef. Vanuit Openbaring 11 sien ons ook die skynbare ondergang van die Here se Kerk in hierdie wêreld. By nabetrugting wil ons kyk na die skynbare ondergang van die Kerk. Die laaste vandag sal dan wees ... hoekom is ons nog kerk? Wat is ons as Kerk se roeping hier in Postmasburg. Die Kerk het nog 'n laaste taak om af te handel voordat die finale en glorieryke oorwinning van die Kerk gevier sal kan word. Laat ons dan eerste raaksien –

Hoe God sy Kerk in hierdie wêreld bewaar?

As dit gaan om die bewaring en beskerming van God se Kerk in hierdie wêreld dan kan alleen die Here dit doen. Maar God laat sy dienaars nie buite rekening nie. In God se weg met Sy Kerk moet die gelowige oog dinge raaksien wat die gewone menseoog nie kan sien nie. In alle geval as ons Nagmaal vier moet ons ook met geloofsoë hierna kyk anders sal ons die betekenis van Nagmaal nooit begryp nie. Die kerk van die Here word hier duidelik as tempel uitgebeeld.

Johannes ontvang dan 'n opdrag dat hy die binnekant van die tempel presies moet uitmeet maar dat hy die voorhof nie moet meet nie. Die altaar en alles daaromheen moet wel ook gemeet word. Ook die mense wat daar aanbid moet gemeet word.

Die betekenis van alles wat gemeet moet word besef ons dit is God se manier om sy kerk af te skerm en te bewaar. Dis tog waarom 'n plaas 'n sekere grootte is of jou erf op die dorp as jy dit afpen dan is dit om seker te maak die deel wat binnekant val moet kan afgegrens word van die buitenste dele. Jou plaas of jou erf word ook op die wyse beskerm. God gee die opdrag aan sy dienaar dat soos wat hy met 'n septer die tempel, die altaar en die mense binne die tempel meet so kom daar 'n skeiding waarmee God sy Kerk wil bewaar.

Dit gaan nou om 'n baie fyner afskeiding as gewoon die skeiding tussen kerk en wêreld. Alles wat kerk genoem word, is nie noodwendig kerk nie. Hulle wat voorgee dat hulle kerk is maar nie waarlik kerk is nie. As ons hierdie opdrag aan Johannes mooi na kyk dan loop daar fyn skeidingslyne. Die gedeelte tussen die heiligdom en die altaar moet gemeet word maar dit wat baie mense nog as deel van die tempel perseel sou beskou, die voorhof en al die ander dele rondom die tempel, mag nie gemeet word nie.

Watter ryke troos om altyddeur te mag weet God meet sy Kerk. Dit kom daarop neer God weet Wie sy kinders is sodat Hy hulle kan beskerm. Al gebeur daar ook baie swaar dinge met God se kinders hou God sy kinders altyddeur vas. God sal nie toelaat dat die magte van die Bose wat in Openbaring op baie maniere losbreek ooit sy Kerk op die einde sal vernietig nie. Dit onderstreep ook net weer Jesus se woorde wat vir ons in die Gereformeerde kerkverband nog altyd ons embleem was dat die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie.

Dit vra van ons ook 'n besondere verantwoordelikheid. Om nou aan die tafel te wil aansit sluit in dat ek my lewe só moet leef daar waar God wil meet. Daar in die binneste heiligdom van die tempel waar Johannes wel die opdrag ontvang het om te meet. Die Here wil die tempel-gelowige, die tempel christen meet want sien ons raak daar is baie mense in hierdie wêreld vandag wat hulleself christene noem, maar eintlik is hulle nie tempel-christene nie, maar voorhof-christene. Die tempel-christen is die mens wat wel naby die kerk leef, of laat ons dit

nog duideliker stel, is ek werklik iemand wat in Christus my geloof uitleef daarom dat ek ook binne sy liggaam, sy kerk beskerm en ingereken wil word. So 'n mens is in Christus daarom sal dieselfde mens naby die Kerk wil wees, daar waar daar wel gemeet mag word.

Ek leef so met die kerk mee want dit is my liefdesband met God, dit is 'n dringende dankbaarheid hier diep binne my wat maak dat ek met totale oorgawe aan God gemeet wil word. Die mense in die heiligdom, was nie mense wat bang was dat hulle gemeet word nie; hulle wou juis dat God hulle in meet. God gee mos die opdrag dat jy mag hulle meet en jy moet hulle meet. Die septer werk met presiese mates en met daardie mate meet God. Met die Woord en wat daarin staan word ons voortdurend gemeet. Niemand kan daarvan wegkom nie.

Ons besef die deel wat Johannes nie mag gemeet het nie, die voorhof en die buitekant van die tempel mag hy nie meet nie. Johannes moes dit heeltemal uitlaat want dit is aan die heidene gegee om dit te vertrap. Simbolies spel die Here weer 'n getalwaarde hier uit. Die heidene sal dit 42 maande lank vertrap. Dit is wat ons gedagte vóór Nagmaal dan ook is ...

Die roeping wat ons as Kerk nog in hierdie wêreld moet vervul.

Die kerk het 'n lewensbelangrike taak om te vervul. Die taak wat die kerk moet vervul word vir ons aan die hand van twee getuies gegee. Die getuies wat 42 maande, of 1260 dae moet optree, werk dit maar uit, die twee getalle is presies dieselfde tydsduur. Ander kere word na hierdie tydsduur verwys as 'n tyd, tye en 'n halwe tyd. Die twee getuies word ook beskryf as twee olyfbome en die twee lampe in die tempel. Hoe pragtig is dit nie van toepassing met 'n beeld uit die Ou Testament nie!

Die lampe in die tempel moes altyd bly brand, dag en nag. Om so voortdurend te brand moes daar altyd genoeg olyfolie wees dat hulle brandende kan bly. Die lig mag nie ophou skyn nie. Dit het die lampe in die ou tyd reeds verkondig. In die Nuwe Testament in wat Jesus vir ons kom sê het, het Jesus aan sy Kerk die belofte gegee dat die kerk die krag sal ontvang om getuies te wees in die hele wêreld, wanneer die Heilige Gees oor hulle sou kom (vgl. Hd. 1:8). Vir ons as kerk is ons olie die Heilige Gees. Die olie is simbool van die Heilige Gees en die lampe is wie ons nou vir die Here is. Ons het 'n getuienistaak om te vervul of anders gestel daar is 'n voortdurende lig wat van ons in hierdie wêreld moet uitstraal. Die Heilige Gees moet vir ons as

kerk brandende hou, daar is 'n voortdurende lig wat vanaf ons moet uitgaan.

Die twee getuies word vir ons duidelik twee persone uit die Ou Testament. Van die getuies word gesê as iemand hulle kwaad wou aandoen kom daar vuur uit hulle monde uit en verteer die vyande. Van die getuies word ook gesê dat hulle die mag het om die hemel toe te sluit sodat daar gedurende die hele tyd wanneer hulle God se boodskap verkondig, geen reën sal val nie. Hoe duidelik stem dit ooreen met die mag wat Elia gehad het in die tyd van die goddelose koning Agab. Meermale het Elia vuur uit die hemel kon afbid om sy teenstander te verteer en dit is nie toevallig sy gebed toe hy gebid het dat dit nie moes kom reën nie was dit juis 42 maande lank of anders gestel vir 1260 dae het dit nie gereën nie. Moses vorm die tweede getuie want Openbaring praat ook van die een wat mag het om water in bloed te verander en om die aarde met allerhande plaes te tref so dikwels as wat hierdie getuies dit nodig gevind het.

Die twee getuies is twee persone maar hulle getuienis word ook twee dele, die Wet en die profete. Moses die begin van die Wet en Elia die begin van die profete. Juis was dit ook hierdie twee wat toe die verheerliking van Jesus op berg plaasgevind het, was dit juis Moses en Elia wat saam met Jesus dáár op die berg was. Die twee het juis met Jesus kom praat enkele dae voor die kruisiging sou plaasvind dat hulle Jesus verseker het van die groot taak wat Hy gehad het om in Jerusalem te vervul (vgl. Luk. 9:30 ev.)

Ons as kerk moet gedurig met die krag en met die waarheid van God se Woord bly werk. Dit is die roeping wat ons moet bly uitleef. Die Wet en die profete is steeds die getuienis wat ons moet uitdra. Dit moet nou in Christus saamgevat kan word soos hierdie tafel ook die hele lewe van Christus op aarde saamvat, ook met twee tekens, die tekens van brood en wyn. Ja, dis weer twee getuienisse wat nou ook vanaf hierdie tafel sal uitgaan. Ons as kerk wat 'n tyd gegee word om ons taak te vervul. Ons kan sê ons het 'n 42 maande-roeping, alhoewel ons nie weet hoeveel duisende jare hierdie 42 maande op God se kalender is nie. Die feit is ons het te doen met 'n tyd wat uitloop.

Dit moet ons aangryp dat Jesus se amptelike optrede op aarde, wel ook iets van 1260 dae nie verbygegaan het nie. In sy dertigste jaar is Jesus gedoop en het die Heilige Gees Hom amptelik

gesalf, ja toe Hy waarlik tot ons hoogste Profeet, enigste Hoëpriester en ewige Koning gesalf is, toe het daar tyd, tye en 'n halwe tyd, op 'n ander wyse plaasgevind. Ja dit kom voor Hy het amptelik tot in die helfte van sy 33ste jaar hier op aarde amptelik kon optree voor Hy gekruisig was en so staan Hy op uit die dood op die derde dag en het Hy 40 dae later na die hemel opgevaar.

Vandaar regeer Hy oor sy Kerk, die beskerming en die bewaring gebeur, die meetwerk hier op aarde is deel van die beskerming. Die kerk wat in haar laaste afsondering geplaas word, juis om haar te beskerm. Openbaring 10 wat die wêreld beskryf hoe die Satan die sleutel ontvang het om 'n ondergrondse skag oop te sluit, daaruit kom allerhande vreemde verskynsels, sprinkane met sterte soos skerpioene, alles simbole en maniere om die oorlogmonsters van die laaste dae voor te stel. Hoe dikwels die wêreld deur verskriklike oorloë en pessiëktes en pandemies geteister word, is aan ons bekend. En dan ook die verskriklikste teleurstelling dat al word miljoene en miljoene mense gedood het daar geen grootskaalse bekering plaasgevind nie. Grootskaalse vernietiging vind in die laaste dae plaas maar nie grootskaalse bekering nie! Daarom dat God sy kerk moet bewaar deur haar-af te skerm, haar soort van toe te kamp, haar in die uiterste afsondering te plaas deur die opdrag om die beskermde dele af te meet.

In hfst. 12 word die beskerming net weer uit 'n ander hoek en met ander simbole geteken waar die kerk voorgestel word as 'n vrou aan wie daar vlerke gegee word om die woestyn in te vlug. Die Satan is dan ook nog weer agter haar in die gedaante van 'n verskriklike slang. Hy spoeg 'n stroom van water haar agterna om haar te verswelg maar die aarde het dan die verskriklike stroom opgeslurp. Alles beelde, simbole wat aan ons beskryf hoe God sy kerk in hierdie verskriklike wêreld sal beskerm en bewaar terwyl die ware kerk die opdrag moet bly uitvoer; verkondig die evangelie. Doen dit deurentyd in die ruimtes van die aarde, doen dit ook in die ruimste sin, aan alle volke, tale en nasies, verkondig die Woord in die tydskuur van die 1260 dae, ja 42 maande, ja tyd, tye en 'n halwe tyd wat ons as kerk nog op aarde gegun word. Die tyd waarbinne ons nou Nagmaal gaan vier. Want ná die Nagmaal met die nabetrugting sal ons ook daarby moet uitkom dat die Kerk skynbaar heeltemal sal ondergaan. Dit voordat die kerk haar finale oorwinning, haar laaste oorwinning sal kan vier waar dit gaan om die finale triomftog. Waar daar dan eers 'n wegvoering in die wolke sal wees.

AMEN

NABETRAGTING

Skriflesing: Openbaring 11: 7-19Teks: **Openbaring 11: 7, 9-12****Sing: TYDENS EREDIENS- Ps. 23:3; Ps. 116 Ps. 147:1,2**

Opn 11:7 Wanneer hulle egter hulle getuienis klaar gelewer het, sal die dier wat uit die onderaardse diepte uit kom, teen hulle oorlog maak, hulle oorwin en hulle doodmaak.

Opn 11:8 Hulle lyke sal in die hoofstraat van die groot stad lê waar hulle Here ook gekruisig is. Die stad word sinnebeeldig Sodom en Egipte genoem.

Opn 11:9 Mense van al die volke, stamme, tale en nasies sal hulle lyke drie en 'n half dae lank daar sien lê en nie toelaat dat hulle begrawe word nie.

Opn 11:10 Die bewoners van die aarde sal bly wees oor hulle dood en hulle daarvoor verheug. Hulle sal vir mekaar geskenke stuur. Hierdie twee profete was immers vir die bewoners van die aarde tot 'n teistering.

Opn 11:11 Ná die drie en 'n half dae het daar egter asem en lewe van God af in hulle gekom. Hulle het opgestaan, en groot vrees het almal oorval wat hulle gesien het.

Opn 11:12 Hulle hoor toe 'n harde stem uit die hemel vir hulle sê: "Kom op hierheen!" Toe het hulle in 'n wolk na die hemel toe opgevaar, en hulle vyande het dit gesien.

Opn 11:13 Op daardie oomblik was daar 'n groot aardbewing, en 'n tiende van die stad het inmeekaargestort. Sewe duisend mense het in die aardbewing omgekom, en die ander het bevrees geraak en aan die God van die hemel die eer gegee.

Opn 11:14 Die tweede "Wee!" is verby. Kyk, die derde kom gou.

Opn 11:15 Toe het die sewende engel op sy trompet geblaas. Daar was stemme in die hemel wat hard uitgeroep het: "Die koningskap oor die wêreld behoort aan ons Here en sy Gesalfde, en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid."

Opn 11:16 Die vier en twintig ouderlinge wat op hulle trone voor God sit, het toe gekniel met hulle gesigte na die grond toe en het God aanbid

Opn 11:17 en gesê: "Ons dank U, Here God, Almagtige, U wat is en wat was, dat U nou u groot mag gebruik en as koning heers.

Opn 11:18 Die nasies was woedend, maar nou het die tyd vir u oordeel gekom. Die eindtyd het aangebreek: die dooies word geoordeel; aan u dienaars, die profete, en aan die gelowiges, dié wat U vrees, klein en groot, word hulle loon gegee; en dié wat die aarde vernietig, word vernietig."

Opn 11:19 Toe het God se tempel, wat in die hemel is, oopgegaan, en sy verbondsark wat in sy tempel is, het sigbaar geword. Daar het toe weerligstrale, dreunings, donderslae, 'n aardbewing en 'n groot haelstorm gekom.

Skriflesing: Openbaring 11: 7-19Teks: **Openbaring 11:****Sing: VOORAF SANG-
TYDENS EREDIENS-**

Geliefdes voor Nagmaal het ons gesien hoe God sy kerk op 'n besondere bewyse bewaar deur dele te laat uitmeet wat waarlik kerk mag wees en moet wees en ander dele wat skynbaar kerk is, maar dit nie is nie. Ander dele wat glad nie gemeet mog word nie. Daar waar die onderskeid lê tussen die tempel-christen en die voorhof-christen. God wat die voorhof-christene op die einde nie by die ware gelowiges inmeet nie. Dit alles dinge wat gebeur in 'n tyd wat die kerk, die ware Kerk met die klein boekie van hoofstuk 10 besig moet wees, dit moet eet, baie keer lekker soet in die mond maar as dit werklik kom by die vertering van God se Woord dan kom daar bitter dele in die maag. Swaar dinge wat ons as kerk moet verteer, wat ons nie anders kan as om dit ook in ons dae te moet beleef en te moet deurgaen nie.

So 'n swaar deel het die twee getuies van God ook nie kon misloop nie. As ons met die Woord van God besig is, die lampe brand, die olyfbome gee hulle olie, dan is dit goed vir ons as kerk. Daar is voortdurende kerkwees vanuit die getuienisse van die twee getuies op aarde, Elia en Moses, sinnebeelde, verteenwoordigers van die Wet en die profete word gehoor, maar die dag gaan kom dat hulle stilgemaak gaan word. Dit is dan ons derde gedagte vandag –

Die skynbare ondergang van die Here se Kerk:

Die tyd kom wat dit sal lyk die kerk het heeltemal onder gegaan. As u ons gelese gedeelte so stuk vir stuk verteer dan is dit baie duidelik. Die getuies het hulle getuienis gelever, die dier uit die onderaardse dieptes kom dan met soveel mag en krag en maak hierdie manne dood. Dit gebeur met die mag van oorlog. Hulle word heeltemal stilgemaak. Hulle lyke lê op die straat, nie vêr van waar ons Here ook gekruisig was nie. Hulle lyke lê daar en die hele wêreld is teen hulle. Die hele wêreld wil hê dat die lyke daar moet bly lê, dat hulle nie begrawe mag word nie.

Die wêreld vier fees oor hulle dood, hulle verheug hulle daaroor. Die wêreld stuur vir mekaar geskenke want watter vreugde is dit nie vir die wêreld nie dat die dag mag kom wat die ware kerk heeltemal uit die wêreld verwyder kon word. Die getuienisse van die twee was nou maar eenmaal net 'n te groot teistering. Die vreugde is baie want hulle is nou stil. U kan sekerlik die skynbare ondergang van die ware Kerk saam hier inlees, broeder en suster, ons wat besef ons is nog nie daar nie. Ons kon vandag nog Nagmaal vier, maar wanneer die dag kom, sal daar nie meer Nagmaal gevier word nie.

Tog kan selfs 'n blinde in ons tyd met 'n stok dit aanvoel dat die bestaan en die voortgang van die Here se kerk in die wêreld kom onder al hoe groter druk. Daar het inderdaad in die week die eerste skote van 'n oorlog in groot wêrelddele begin klap. Ons as Kerk weet nie wat dit vir ons inhou nie. Is dit die begin van die derde wêreldoorlog waaroor ons nou al weke oor praat. Ons weet nie, genadiglik dat ons nie weet nie. Ons hoor wel uit Openbaring dat dit 'n oorlog kan wees wat die Kerk se stem in die wêreld tydelik kan stilmaak. Vers 7 praat tog in hierdie rigting-
7 En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak ...

Die getuies is gedood, hulle getuienis word vir 'n tyd lank stilgemaak, daar is oor hulle dood groot feeste gevier, die wêreld wou nie eers hê dat hulle begrawe mag word nie. Ons besef die tyd gaan kom, of dit nou is of eers heelwat later, ons weet nie, dat die stem van die kerk stilgemaak gaan word. Dis juis die stem van die valse kerk wat al hoe harder saam met die wêreldse mense gaan skree om die ware kerk dood te maak en stil te maak. Die ware kerk sal ondergrawe word maar nie begrawe word nie.

Die gedagtes van Sodom en die gedagtes aan Egipte sal weer in die wêreld hoogty vier. Sodom waar homoseksualisme verheerlik was, hoe het ons nie in ons tyd 'n verheerliking van hierdie tipe mense in bewegings soos die LGBTQ-bewegings nie. LGBTQ wat staan vir die lesbian, gay, bisexual, transgender, and queer (of dan waar daar nog questioning) rondom seksualiteit is. Hierdie mense se bestaan en optrede word vergeestelik en verheerlik maar met die Heilige Gees het dit niks te make nie. Dit gaan om geestelike dinge losgeskeur van die Heilige Gees.

Ons het werklik in ons tyd met 'n vergeestelikte Sodom te make! Ook ken ons die Egipte van ons tyd, op baie maniere, dink maar net aan één manier. In die ou Egipte is pasgebore babatjies in die Nyl gegooi, ons doen dit net baie vroeër. Ons gooi ook babas in ons Egipte! Hoe baie ongebore babas word in ons tyd nie doodgemaak nie, duisende elke dag, want aborsie is nou so algemeen soos om konfyt op jou brood te smeer. Dis nie moeilik om aan te toon hoe die vergeestelikte Sodom en Egipte eintlik hoofstede in hierdie wêreld geword het nie. Stede wat op die ware kerk toesak om haar stil te maak en hulle kry dit inderdaad reg om haar stil te kry. Die profetiese stem wat die ware Kerk in die wêreld moet laat hoor word inderdaad 'n al hoe flouer stemmetjie! Die ware Kerk word ondergrawe maar tog wil niemand haar regtig heeltemal begrawe nie. *Luister weer mooi na vv. 8-9 ... 8 en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is. 9 En mense uit die volke en stamme en tale en nasies sal hulle lyke drie en 'n halwe dag lank sien en nie toelaat dat hulle lyke in die graf gelê word nie.* Oor die ware Kerk se dood is mense tog so bly, hulle stuur selfs vir mekaar geskenke omdat hulle bly is! *Vers 10- Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat dié twee profete die bewoners van die aarde gepynig het.*

Ons sluit af met 'n dankbare gedagte waar ons DV volgende week hierdie ryke hoofstuk 11 van Openbaring nog weer dieper mag ingaan in wanneer die laaste trompet, die sewende trompet oor hierdie wêreld sal blaas. Dan sal dit regtig ook die einde van die sondige en bisarre wêreld wees! Sodom en Egipte moet hoor wat God vir ons in Openbaring nog verder openbaar ... Die twee getuies gaan weer opgewek word soos ons weet onse Here wat gekruisig was reeds lewend geword het. Die kerk staan op en vaar op. Vers 11 praat reeds in daardie rigting. In 'n volgende preek sal dit beslis nog verder gepraat moet word- *11 En ná die drie en 'n halwe dag het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hul voete gaan staan, en 'n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het.* Kortliks dan net ons laaste gedagte-

Die glorieryke oorwinning wat daar heel op die einde tog wel sal wees!

Laat ons vandag se Nagmaal afsluit in die besef al is daar so baie ongelowiges, ja ook ongelowige aanskouers/toeskouers, noem hulle wat jy wil, wat in naam deel van die kerk is, maar hulle is in die voorhof, hulle is nie in gemeet nie. Hulle is eintlik maar net toeskouers van God se Kerk. Laat alle toeskouers m.a.w. voorhof-christene en aanhoorders dit duidelik hoor, dat vir die tempel-christen, daar waar God sy kinders laat meet het, daar is vir ons 'n vooruitsig vanuit 'n tyd wat dit lyk daar geen voortgang vir die kerk meer sal wees nie.

Met Jesus was dit presies dieselfde. Hy is doodgemaak, die brood en die wyn het dit vandag wou verkondig. Sy gebreekte liggaam, sy vergiete bloed. Vir baie sou dit lyk, Jesus is dood, Hy is gekruisig, lewe sal daar nie weer wees nie. Tog het Christus die dood oorwin en dit moet ons goed raaksien, Hy het nie alleen die doderyk oorwin nie, maar Hy het die doderyk van die binnekant af oopgemaak. Ons as kerk in hierdie laaste dae en ons sien die laaste van dae in ons tyd al duideliker, ons moet uit die dood wil opstaan. Ons kan opstaan want ons Here het opgestaan. Ons het 'n lewende hoop om aan vas te hou al lyk dit daar kom hopelose dae. Ons mag nooit hopeloos raak nie. Ons hoop is 'n lewende hoop. Ons hoop is aan God se beloftes verbind. En al het God ons belowe daar gaan wel verskriklike dinge ook oor ons kom, soos daar verskriklike dinge oor sy Seun gekom het, is ons op pad na ons toekoms met 'n 'n lewende hoop. Op die einde mag ons nie ophou profeteer van die heerlike toekoms wat daar op die heel einde wel sal wees nie.

AMEN